

Motiverings hoekom jy moet besig wees om die Bybel te lees en daarin te leer.

Hier volg 5 motivering om meer Bybel te lees, hoekom jy elke oomblik wat jy kan moet besig wees om dieper te delf in die Woord van God:

1. Jy leer God ken!

Wat ons kry wanneer ons met die Bybel besig is, is God wat Homself openbaar aan sy mense. Deur geskiedenis heen in sy handelinge met verskeie mense is Hy heertyd besig om Homself bekend te maak aan sy mense. Daarom moet ons ook altyd wanneer ons met die Bybel besig is, die vraag vra: Wat leer ek hier van God? Op die manier leer ons sy karakter ken.

Die Here roep ons om in 'n verhouding met Hom te lewe. Van sy kant af is hierdie verhouding perfek, maar aan ons (mense wat sondig) se kante is daar baie gate. Die grootste gat is gewoonlik hoeveel energie ons in hierdie verhouding investeer. Verhoudings tussen mense begin tog met: spandeer tyd saam en leer iemand ken – hou van wat jy sien – sien jy kan staatmaak op die persoon daarom begin jy vertrou – hulle daade verseker jou van hulle gevoelens vir jou. So begin 'n verhouding groei en sterk word en iets word waarin 'n mens baie energie instoot. Daar is seker nog baie elemente binne hierdie proses, maar hierdie is enkele basiese dinge van hoe dit in enige gesonde verhouding werk.

Pas dit nou toe op jou verhouding met God. Wanneer jy meer tyd spandeer om na Hom te luister (in sy Woord) gaan jy Hom beter leer ken, God is getrou en ewig en daarom sal jy onvermydelik al meer groei in vertroue soos jy Hom beter leer ken. Jy sal ook meer en meer seker raak van hoe Hy oor jou voel na aanleiding van wat jy Hom sien doen. Die proses wat voortduur sal aanhoudende groei in jou verhouding met die Here bewerk.

2. God verander jou deur sy Woord!

Jes. 55: 11:

“So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het”.

Die manier waarop die Here werk is: deur die hoor van die Woord plant God die saad van geloof in mense se hart (Rom. 10:17) en deur die hoor van die Woord laat God dit groei (Jes. 55:11). Jesus leer hiervan in Joh. 15: 3:

“Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het”.

Die woord wat in die Grieks gebruik word vir regsnoei beteken letterlik in hierdie konteks ‘om deur die versorgende Boer (Vader) opgetel te word, hoër as wat jy was’.

Jy moet weet: Wanneer jy besig is met die Woord versterk en bou die Here jou geloof op. Hy tel dit op, elke slag 'n bietjie hoër.

3. Jy kan God nie liefhê sonder gehoorsaamheid nie!

Die Here som alles wat van ons verwag word in die geloof op met liefde. Liefde vir Hom en liefde vir ons naaste (Matt. 22: 36 tot 40). Jesus leer vir ons `n absolute kern element in die uitvoer van daardie liefde is die ken en doen van wat God sê, dus die ken en doen van die Bybel. Joh. 14: 15;21.

“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.

“Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

Wanneer jy Bybel lees leer jy hierdie opdragte waarvan Jesus leer ken, jy leer ook die hele Wet (Wil) van God ken vir alles wat ons in ons liefde vir Hom moet doen. Die Bybel leer jou hoe om God lief te hê (prakties).

4. Dit maak jou gereed vir jou eie bediening!

In Jesus se stuur van die dissipels (ook jou) in Matt. 28: 19 & 20 sien ons:

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Die roeping om Jesus te volg en te bedien op elke plek waar jy kom en in alles wat jy doen word gereël deur wat Hy leer. Wanneer jy Bybel lees is jy besig om deur die Here opgelei te word vir die lewe waartoe Hy jou roep. Dit gee die rigting in jou bestaan!

5. Wees altyd gereed om `n antwoord te gee aan enige persoon wat dit van jou vra!

Die laaste een en ook geweldig belangrik wil ons benader vanuit die volgende: 1 Pet. 3:15

“In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe”.

Die Hele Bybel deur sien ons hoe geweldig belangrik waarheid vir God is, Hy is waarheid en daarom roep Hy ons om daardie waarheid te bedien en ook te ‘verdedig’. Ons het die roeping daarom om die waarheid oor God te leer ken, elke dag al meer en meer sodat ons altyd seker kan wees waarmee ons besig is en waarna ons luister stem ooreen met wat God leer. Wat het ons daarvoor nodig?

2 Tim. 3:16 & 17

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk”.

Om met die Bybel besig te wees, word jy al hoe meer bekwame bedienaar van die waarheid!